

Gedrewe om die beste te wees – die NWU voeg die daad by die woord

Wat korporatiewe bestuur betref, is die Noordwes-Universiteit (NWU) weereens die beste onder die hoëronderrysinstellings in Suid-Afrika. Met die bekroning van die NWU as 2008 se algehele wenner van PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys het die instelling op sy vorige prestasie, toe hy in 2007 die eerste plek gedeel het, verbeter. Hierdie prestasie demonstreer wat die NWU bedoel met “Gedrewe om die beste te wees”, wat die tema vir die 2007-jaarverslag is.

Hierdie tema is gekies om die NWU se vasberadenheid te weerspieël om niks minder as uitnemendheid in al sy aktiwiteite te bereik nie. Hierdie toewyding word op geen beter manier geïllustreer as deur die NWU se deurlopende verbetering in die jaarlikse Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid nie.

In 2005 was die NWU vyfde en in die daaropvolgende jaar vierde. Daarna, in 2007, het die Universiteit die eerste plek met die Sentrale Universiteit van Tegnologie (SUT) gedeel. Nou, in 2008, blink die NWU uit as die bes bestuurde universiteit in die hoëronderryslandskap in Suid-Afrika.

Die NWU se uitnemendheid in korporatiewe bestuur is egter net een van verskeie prestasies wat in die 2007-jaarverslag weerspieël word ter ondersteuning van die tema, “Gedrewe om die beste te wees.”

Die NWU het ook op verskeie ander terreine uitgeblyk, insluitende finansiële bestuur, onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid.

Danksy die NWU se gesonde finansiële bestuur kon die Universiteit 2007 afsluit met nóg ‘n surplus, naamlik R85 miljoen. “Wat nóg meer indrukwekkend is, is dat selfgegenereerde inkomste gestyg het vanaf R441 miljoen in 2006 tot R578 miljoen in 2007, hoofsaaklik vanweë ‘n beduidende styging in navorsingsinkomste,” sê dr Theuns Eloff, Visekanselier.

Enkele onderrig-leer-hoogtepunte wat in die Jaarverslag na vore kom, sluit in die vordering wat gemaak is met die voortdurende hernuwing van die Program- en Kwalifikasie-mengsel (PKM), die belyning van die akademiese programme op al die kampusse en die implementering van Aanvullingsonderrig (AO) regoor die Universiteit.

Hierdie prestasies het die onderrig-leer-omgewing versterk – wat ‘n voorgraadse slaagsyfer van 79,5% en ‘n graadverwerwingstempo van 25,3% tot gevolg gehad het.

Dr Eloff glo dat sulke syfers uitsonderlik is, veral in die lig van die grootte van die NWU se studentekorps: In 2007 was daar 44 750 geregistreerde studente, waarvan 17 500 afstandstudente was.

‘n Baie belangrike ontwikkeling in 2007 was die aanvaarding van ‘n nuwe navorsingsentiteite-model. Hierdie model maak voorsiening vir vier navorsingsentiteite, naamlik nisareas, fokusareas, eenhede en sentrums van uitnemendheid. Nog ‘n navorsingshoogtepunt was die toename vanaf 82 in 2006 tot 95 in 2007 in die aantal navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS).

Die NWU het ook sy innovasiepoging voortgesit, met ses VSA-geregistreerde patente, vyf hangende VSA-patente en 33 RSA-patente.

“Uit 2007 se Jaarverslag is dit baie duidelik dat ons goeie vordering gemaak het wat betref ons missie om ‘n getransformeerde en gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word,” sê dr Eloff.



Die Institusionele Bestuur (IB) het onlangs besluit dat geen personeellid beplande verlof mag neem tussen 9 en 20 Maart 2009 nie. Dit is omdat almal beskikbaar moet wees vir onderhoude of om te help of inligting te verskaf tydens die oudit-terreinbesoek van die Hoëronderris-kwaliteitskomitee (HOKK) volgende jaar.

Ontmoet die nuwe Raadsvoorsitter

4



Lees hier!

Internasionale roem vir nuwe IT-produk

11



Derde sosiale dag: 'n geleentheid om te onthou

16



Boodskap van die Visekanselier



'n Trotse dr Theuns Eloff hou die PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuurtoekening vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys vas. Die NWU is as algehele wenner vir 2008 bekroon.

Met net die laaste kwartaal van 2008 wat oorbly, lyk dit asof die NWU hierdie jaar sal afsluit op nóg 'n hoogtepunt onderweg na die verwesenliking van sy missie en visie.

Danksy die toewyding van NWU-personele hou die Universiteit steeds 'n energieke pas vol wat sy kernbesigheid betref. Noudat ons in die pylvak is om 2008 se teikens, soos gestel in die Institusionele Plan (IP), te bereik, fokus ons op verskeie belangrike kwessies.

Dit sluit in verdere vordering met die belyning van ons akademiese programme, finalisering van die selfevalueringsportefeulje vir die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) se oudit in 2009, en die voortsetting van die proses van handelsmerkontplooiing.

Programbelyning

Een van die IP-teikens vir 2008 is die belyning van akademiese programme oor die hele Universiteit. Indien die belyningsproses teen die huidige tempo voortgesit word, lyk die Mei 2009-teikendatum vir die goedkeuring deur die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS) van belynde voorgaande programme haalbaar.

HOKK-selfevalueringsportefeulje

Vorbereidings vir die HOKK-oudit is nog goed op dreef. Die terugvoer wat ons van personeel ontvang het op konsep sewe van die selfevalueringsportefeulje is op 13 Augustus 2008 deur die Senaat geïnkorporeer en bespreek, en op 19 September 2008 aan die Raad voorgelê. Die Raad se

insette sal dan geïnkorporeer word vir 'n tweede en finale aanbieding aan die Raad op 21 November 2008, vóór voorlegging aan die HOKK op 3 Desember 2008.

Uitrolplan vir handelsmerk

Nóg 'n prominente aangeleentheid is die voortdurende ontplooiing van die NWU-handelsmerk en – in hierdie stadium – spesifiek die toepassing van die handelsmerk op kennisgewings/embleme by die drie kampusse en die Institusionele Kantoor. Dit is 'n baie belangrike stap, omdat dit bydra tot handelsmerkvestiging, en 'n gevoel van eenheid regoor die instelling bevorder. Dit geniet tans dringende aandag en vorder goed. Alle nuwe kennisgewings en embleme behoort teen die einde van die jaar in plek te wees.

Nuwe studenteleiers

Die verkiesingsprosesse van die Verteenwoordigende Studenterrade op die onderskeie kampusse en dié van die Institusionele Verteenwoordigende Studenterraad se Voorsitter en Uitvoerende Komitee is suksesvol afgehandel. Die name van die kampus-VSR'e is beskikbaar op die onderskeie kampuswebwerwe.

Die verkiesingsproses op die Vaaldriehoekkampus is ongelukkig ontwig toe 'n klompie misleide studente 'n aantal reeds getelde stembriefies met geweld verwyder het. Ongedissiplineerde gedrag soos hierdie word in die sterkste moontlike taal veroordeel. Gelukkig kon die proses uiteindelik wel afgehandel word, en die resultate is bekendgemaak.

Ek wil graag ons nuwe studenteleiers gelukwens en hulle alles van die beste toewens vir hul ampstermyne.

Ter afsluiting: vergun my die geleentheid om aan een en almal 'n welverdiende (hoewel kort) ruskansie toe te wens dié Oktobervakansie. Ek vertrou dat ons almal sal terugkeer met nuwe energie; gereed om skouer aan die wiel te sit om daardie toppunt te bereik wat ek glo ons bestemming vir 2008 sal wees.

Theuns Eloff
Visekanselier

Neem bestek op, kyk vorentoe en bly geïnspireerd



Nelia Engelbrecht

Ons is by die driekwartmerk van 2008 en dit is gepas om bestek op te neem van wat tot dusver aan die NWU bereik is en wat nog voor die einde van die jaar gedoen moet word.

Hierdie uitgawe van Eish! berig oor die belangrike aktiwiteite en prestasies van die afgelope paar maande, soos die bekendstelling van 'n nuwe IT-oplossing, bekend as Sakai Solo, waarvoor die NWU internasionale erkenning ontvang het. Blaai na bladsy 11 om uit te vind hoe Sakai Solo studente toelaat om "aflyn" met hul studies voort te gaan wanneer hulle nie toegang tot die internet het nie.

Die afgelope paar maande is verskeie nuwe gesigte ook by die NWU-gemeenskap gevoeg, 'n suksesvolle web-opname is uitgevoer, en die voorgestelde begroting vir 2009 is gefinaliseer na 'n deeglike proses wat die Institusionele Kantoor en die drie kampusse betrek het.

- Blaai na bladsy vier en vyf om uit te vind wie die nuut-aangestelde Raadslede is, insluitend dié wat deur die Minister van Onderwys, me Naledi Pandor, aangewys is.
- Die Departement van Korporatiewe Sake en Verhoudinge is onlangs

versterk met die aanstelling van mnr Louis Jacobs, Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie. Lees meer op bladsy 10 oor sy planne om die Universiteit se positiewe openbare beeld te bou.

- Hierdie departement, saam met die drie kampusse, is ook in beheer van die herontwikkeling van die NWU se webtuiste. Bykans 1 000 respondente het aan 'n web-opname deelgeneem en 'n paar gelukkige deelnemers het wonderlike pryse gewen. Besonderhede oor hierdie wenners en hul pryse is op bladsy drie.
- Die begrotingsproses het tydens die afgelope paar maande goed verloop en nader nou die finale stadium. Lees meer oor hieroor op bladsy agt tot nege en 14 tot 15.

Ons stel ook vir die eerste keer in Eish! kampus-nuusbladsy bekend. Dit is omdat Eish! verander en groei. Ons is besig om 'n interne publikasie te word wat nuus en sieninge oor die kampusse dek, asook ontwikkelings by die Institusionele Kantoor en die Raad. Nog 'n verandering by Eish! is die voorneme om die getal uitgawes in 2009 te vermeerder. Deur meer dikwels wyer dekking te bied, wil ons probeer om almal se vingers op die pols van die jongste gebeure regoor die NWU te hou.

Lekker lees, en geniet die reses.

Nelia Engelbrecht

Aftelling tot by nuwe NWU-webwerf begin

Die Noordwes-Universiteit se webwerf gaan voortaan nie net ons reputasie en beeld bevorder nie, maar ook 'n belangrike bydrae lewer tot organisatoriese doeltreffendheid en ons posisioneer as 'n toonaangewende universiteit – plaaslik sowel as internasionaal.

Dit is die woorde van me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge en Voorsitter van die NWU se Webherontwikkelingstaakspan.

Byna 1 000 respondente het vroeër aan 'n webopname deelgeneem en inligting verskaf oor hul behoeftes en wat hulle van die webwerf verwag. Die Webherontwikkelingstaakspan is nou besig om die opname se bevindinge te evalueer om te verseker dat die nuwe webwerf in ons primêre belanghebbendes se behoeftes sal voorsien. Na afloop van die evaluering sal 'n projekplan met teikendatums opgestel word. Dit sal gebruik word om rigting te gee aan die strukturele ontwerp en inhoudsdefinisie, webontwerp, implementering, ontplooiing en toetsing voor die finale bekendstelling.

Me Mmope verduidelik dat die projek, wat reeds in 2006 afgeskop het met die bekendstelling van 'n nuwe geïntegreerde Intranet, se fokus nou verskuif het na die NWU se Internet. Die Universiteit se domeinadres – www.nwu.ac.za – en geïntegreerde tussentydse landingsbladsy bestaan reeds sedert verlede jaar. Die res van die webwerf is egter nog nie geïntegreer om 'n verenigde, multikulturele en veeltalige universiteitsomgewing te weerspieël nie.


Die herontwikkeling van die Universiteit se webwerf is gerig op die totstandbrenging van 'n geïntegreerde en intuïtiewe platform vir die verspreiding van toepaslike inligting aan sleutelbelanghebbendes. Dit is ook gerig op die posisionering van die Universiteit, die uitbou van die handelsmerk, beeld en reputasie van die Universiteit, en om die Universiteit se primêre belanghebbendes, naamlik studente (voornemend sowel as huidig) en alumni betrokke te kry.

Hierdie proses word bestuur deur die Webherontwikkelingstaakspan bestaande uit verteenwoordigers van die Institusionele Kantoor, die Departement Inligtingstegnologie en die drie kampusse. Die Taakspan het 'n mandaat om

- die ontwikkeling en implementering van die inhoud, terreinkaart, en ander webtoepassings te dryf en daarvoor toesig te hou

- 'n geïntegreerde en intuïtiewe platform te bou
- die handelsmerk, beeld en reputasie van die NWU uit te bou
- die NWU se primêre teikengroepe – studente (voornemend sowel as huidig) en alumni betrokke te kry.

Noudat ons belanghebbendes se inligting versamel is, sal me Mmope en die Webherontwikkelingstaakspan 'n kommunikasiepoging met kampusbesture en publiseerders van stapel stuur om hul inkoop, steun en deelname te verseker wat betref die ontwikkeling van die inhoud van die verbeterde NWU-webwerf.



Die voorgestelde nuwe landingsbladsy van die Internet, soos goedgekeur deur die Institusionele Bestuur, bied 'n kykie van wat verwag kan word. Die nuwe landingsbladsy sal ook die Universiteit se nuwe korporatiewe identiteit, insluitende die logo en die korporatiewe kleure, vertoon.

Hier is die wenners!

Bykans 1 000 respondente het deelgeneem aan 'n webopname wat deel gevorm het van die NWU se webherontwikkelingsproses. Sewe deelnemers het deur middel van 'n trekking wonderlike pryse gewen.

Die respondente het in verskillende kategorieë deelgeneem en die pryse is volgens hierdie kategorieë toegeken. In die kategorie vir studente het drie gelukkige deelnemers elkeen 'n iPod gewen. Hulle is mnr Letlhogonolo Chacha (Mafikengkampus), mnr Barend Havenga (Potchefstroomkampus) en me Nadia de Beer (Vaaldriehoekkampus).

Me Jasenta Makena van Orange Farm het nog 'n iPod opgeraap nadat sy in die kategorie vir voornemende studente deelgeneem het. Drie respondente het elkeen 'n kontantprys van R1 000 gewen. Hulle is me Monique Joubert van Pretoria (alumnus), me Marelize Louw van Klerksdorp (ouer) en me Brualda Abrahams van die Potchefstroomkampus (personeellid).



Me Marelize Louw ontvang haar kontantprys van me Marelize Santana, Aanlyn-inligtingsbeambte van die Departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge.



Mnr Vincent Eastes, Senior Bestuurder: Web- en Elektroniese Kommunikasie, Potchefstroomkampus (regs), het die pryse aan die twee wenners van die Potchefstroomkampus oorhandig. Hulle is me Brualda Abrahams (links) en mnr Barend Havenga (middel).



Studentewenner, mnr Letlhogonolo Chacha, (Mafikengkampus) ontvang sy iPod van mnr Lester Mpolokeng, Waarnemende Direkteur: Bemaking en Kommunikasie, Mafikengkampus.

Ontmoet u nuwe Raadslede

Die NWU-Raad spog nie net met 'n nuwe Voorsitter in die persoon van mnr Peet van der Walt nie, maar ook met verskeie ander nuwe gesigte. Die Minister van Onderwys, me Naledi Pandor, het twee van die nuwe raadslede aangestel en nog 'n raadslid is deur haar heraan gestel.

Tydens die Raadsvergadering op 20 Junie 2008 is mnr Peet van der Walt, die voormalige Ondervoorsitter, tot nuwe Voorsitter van die Raad verkies. Sy verkiesing het gelei tot 'n vakature in die pos van Ondervoorsitter. Dit is gevolglik gevul deur die verkiesing van dr Sankie Mthembu-Mahanyele. Mnr Van der Walt vervang dr Lydia Sebego, wie se ampstermyn in Februarie 2008 verstryk het. Dr Mthembu-Mahanyele is een van die nuwe lede wat deur die Minister van Onderwys aangestel is.

Ministeriële aanstellings

Benewens dr Mthembu-Mahanyele, het die Raad ook vir mnr Max Fuzani as nuwe ministeriële aanstelling verwelkom. Die Minister het mnr Onkgopotse Tabane vir 'n tweede termyn in die Raad aangestel ná die verstryking van sy eerste termyn op 11 Februarie 2008. Me Letlotlo Letlape, die vierde ministeriële aanstelling, is op 11 Februarie 2007 vir 'n verdere termyn deur die Minister heraan gestel.

Uitvoerende Komitee

Die twee vakatures in die Raad se Uitvoerende Komitee is gevul deur die verkiesing van dr Sankie Mthembu-Mahanyele as nuwe Ondervoorsitter van

die Raad, en die verkiesing van prof Laetitia van Dyk as bykomende UK-lid.

Lede aangewys deur die gemeenskap

Dr Douw Breed en mnr Simon Mohapi is verkies as Raadslede wat die gemeenskap verteenwoordig.

Aangewese lede van die Raad in die Senaat

Dr Breed is ook die Raad se nuwe aangewesene in die Senaat. Hy is in die plek van dr Neels Smit, wie se ampstermyn op 11 Februarie 2008 verstryk het. In sy hoedanigheid as Voorsitter van die Raad is mnr Peet van der Walt die ander aangewesene in die Senaat.

Lede met spesiale kundigheid

Mnr Thabo Mokgatla, 'n finansiële kundige, en me Itumeleng Pooe, 'n kundige op die gebied van toerisme en bemaking, is aangestel as lede met spesiale kundigheid. Mnr Mokgatla is aangestel in die plek van adv Sollie Sithole SC, wie se ampstermyn in Februarie 2008 verstryk het. Me Pooe vul 'n bestaande vakature in die Raad. Beide nuwe lede is alumni van die voormalige Universiteit van Noordwes.

Raadsvoorsitter is gereed om te dien



Mnr Peet van der Walt

Eish! het die nuut verkose Raadsvoorsitter, mnr Peet van der Walt uitgevra oor sy rol as Voorsitter, die verhouding tussen die Raad en Bestuur, en wat hy graag wil bydra gedurende sy termyn.

V: Hoe voel u oor u verkiesing as Voorsitter?

Ek besef hoe groot die gepaardgaande verantwoordelikheid is, veral in hierdie besondere tyd in die geskiedenis van ons land, en ek is gereed om te dien.

V: Hoe sien u die verhouding tussen die Raad en die Bestuur van die Universiteit?

'n Goeie verhouding tussen die Raad en Bestuur is nie net noodsaaklik nie, maar lê ook die grondslag vir die vooruitgang van die NWU. Dit is belangrik dat die goeie verhouding gehandhaaf word deurdat beide die Raad en die Bestuur hul onderskeie rolle verstaan en vertolk.

V: Watter bydrae wil u gedurende u termyn lewer?

Ek wil daartoe bydra om die NWU te vestig as 'n uitstaande Universiteit binne die gekose missie van 'n getransformeerde, gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit.

V: Wat is u indruk van die NWU en wat is u toekomstwense vir die Universiteit?

My indruk is dat die NWU op vele terreine baie goed presteer en dat die proses van eenwording baie goed vorder. My wens vir die NWU is dat die Universiteit sy regmatige leiersposisie in die sektor sal inneem deur voort te bou op die fondasies wat gelê is en bekend sal staan as 'n universiteit van uitnemendheid op alle terreine waar die instelling werksaam is.

Bekend met transformasie

Mnr Peet van der Walt se CV getuig van sy sakevernuif en vermoë om transformasie te fasiliteer.

Hy is tans 'n suksesvolle sakeman wat sy eie besighede bedryf. Hy het 'n lang loopbaan in die bankwese agter die rug en het oor 'n tydperk van meer as 20 jaar in verskillende banke en posisies gedien. Gedurende dié tyd het hy 'n groot rol op die terreine van verandering en transformasie gespeel.

In 2000/01, terwyl hy by ENB was, het hy die ontwikkeling en implementering van 'n unieke kultuurveranderingsprogram gekonseptualiseer en gelei. Dit was gerig om mense rondom die doelwitte van die bank te verenig, en om hulle te help om hul aggressie ten opsigte van 'n groot herstruktureringproses wat aan die gang was, te hanteer. 'n Proses is ook ontwerp om die bank se werknemers te help om die diversiteit en kultuurverskille wat die Suid-Afrika van daardie tyd gekenmerk het, te verstaan en te waardeer. Die program, wat van empiriese en ontdekkingsstegnieke gebruik gemaak het, het die werks- en interkulturele verhoudings positief beïnvloed. Daar was ook 'n merkbare verbetering in die kwaliteit van dienslewering by die bank.

Wat sy akademiese loopbaan betref, het hy die meeste van sy studies aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voltooi, naamlik alle grade tot en met MCom. Hy het ook as Geoktrooieerde Rekenmeester (SA) gekwalifiseer. Buitelandse studies sluit in 'n MA in Sosiale Wetenskappe (HEC School of Management, Parys), en GBP (Gevorderde Bestuursprogram) (Templeton College, Oxford en HEC School of Management, Parys).

Lidmaatskap van die Raad is 'n eer vir nuut aangesteltes

Eish! het die twee nuwe Ministeriële aanstellings in die Raad gevra om vir ons te sê hoe hulle die Raad se rol sien en watter bydraes hulle graag wil maak.

So reageer Dr Sankie Mthembu-Mahanyele, wat ook die nuwe Ondervoorsitter van die Raad is:

V. Hoe sien u die rol van die NWU-Raad?

Die Raad het 'n fidusiële plig en verantwoordelikheid om leiding te verskaf op verskeie terreine rakende beleid, bestuur en studentebestuur, sonder om Bestuur se verantwoordelikhede oor te neem.

Wat hierdie spesifieke raad betref, glo ek dat daar ruimte is vir meer wesenlike bespreking en debatvoering oor 'n verskeidenheid onderwerpe. Ek sou ook wou sien dat die proses van transformasie sterker deur die Raad gedryf word.

V. Watter bydrae sal u graag voor die verstryking van u ampstermyn wil lewer?

Ek sou graag 'n NWU wou sien wat gekenmerk word deur kampusse wat dieselfde regte, fasiliteite, hulpbronne en kapasiteit geniet sodat die Universiteit sy verantwoordelikhede op 'n regverdige wyse kan nakom. Graduandi wat die NWU verlaat, moet trots kan voel op die graad wat hulle by hierdie universiteit behaal het. Hulle moet ook met hul eweknieë op enige plek in die land sowel as oorsee kan meeding.

V. Is daar enigiets interessants oor uself wat u met ons kan deel?

As die tyd dit toelaat, is dit vir my lekker om te lees en na musiek te luister.



Dr Sankie Mthembu-Mahanyele

Sy het ook as radiojoernalis vir die ANC (SA) gewerk en was vroeër redakteur van die ANC se vrouetydskrif, Voice of Women. Sy het die ANC al by talle internasionale konferensies, onder andere vroue- en skrywerskonferensies, verteenwoordig.

Dr Mthembu-Mahanyele het 'n bundel, *Flames of Fury*, die lig laat sien en van haar gedigte het al in verskeie vaktydskrifte verskyn. Sy het ook al haar hand aan die skryf van kortverhale gewaag.

Tydens die Polokwane-konferensie in Desember 2007 is sy verkies as lid van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee.

'n Vrou van formaat

Dr Mthembu-Mahanyele se indrukwekkende CV getuig van haar uitgebreide ervaring in staatsake, politiek, en selfs die wêreld van letterkunde en publikasies.

Sy is 'n voormalige Minister van Behuising, 'n pos wat sy vir agt jaar lank beklee het voordat sy in Desember 2002 as Adjunksekretaris-generaal van die African National Congress (ANC) verkies is. In 1994 en 1995 het dr Mthembu-Mahanyele gedien as nasionale Adjunkminister van Welsyn en Bevolkingsontwikkeling. Vóór dit was sy die ANC se hoofvertegenwoordiger in Duitsland.

Sy het ook as radiojoernalis vir

Dit is hoe mnr Max Fuzani sy rol as Raadslid sien:

V: Hoe sien u die rol van die NWU-Raad?

Die Raad moet voortgaan om omstandighede te skep wat onderrig, leer en navorsing in 'n demokratiese omgewing laat gedy. Daarby moet die Raad visioenêre leierskap aan alle rolspelers in die universiteitsgemeenskap bied. Hulle moet ook verseker dat die Universiteit aan die nasionale doelwitte beantwoord, rekening hou met Afrika-realiteite, en sy mededingende voordeel behou.

V: Watter bydrae sal u graag voor die verstryking van u ampstermyn wil lewer?

Ek wil in samewerking met my kollegas, 'n bydrae lewer tot 'n deursigtige, toeganklike, uitstekende en 'n egte Afrika-universiteit. Ek wil deel wees van 'n span wat die taak van die Senaat, die Uitvoerende Komitee en akademië ondersteun en fasiliteer. Ek wil graag 'n instelling nalaat wat die voorkeur-universiteit vir die meeste skoolverlaters is.

V: Is daar enigiets interessants oor uself wat u met ons kan deel?

Ek geniet 'n goeie potjie tennis!

Uitgebreide ervaring

Mnr Max Fuzani se CV getuig van sy grondige kennis van die Suid-Afrikaanse openbare, politieke en opvoedkundige landskap. Mnr Fuzani, tans die University Alliances-program-bestuurder by System Applications Products (Suid-Afrika), het uitgebreide ervaring van nasionale onderwysaangeleenthede.

Van 2001 tot 2006 was hy Hoofdirekteur: Ministeriële Dienste by die Ministerie van Onderwys, waar hy verantwoordelik was vir die oorkoepelende koördinerende van die Minister en die Adjunkminister se kantore. Hy was ook die hoofkontakpunt tussen die Ministerie en die Departement van Onderwys.

Vroeër het hy die posisies beklee van Hoof: Ministeriële Dienste in die Ministerie van Provinsiale en Plaaslike Regering (1999 tot 2001) en van Sekretaris: Kabinetskomitee vir Ekonomiese Aangeleenthede in die Kantoor van die President (1997 tot 1999).

Statutêre aanstellings sluit in lidmaatskap van die Tersiële Onderwysfonds van Suid-Afrika (TEFSA) en van die Universiteit van Kaapstad se Raad.



Mnr Max Fuzani

Stralingswetenskap spog met nuwe laboratoriums

Die sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (STSWT) op die Mafikengkampus van die NWU het onlangs 'n geskiedkundige mylpaal bereik toe hulle die sleutels van twee nuwe laboratoriums, een vir kernkragfisika en een vir kernkrag/radiochemie, ontvang het.

Dit lui 'n nuwe era in vir STSWT, omdat navorsingsopleiding in die verlede in laboratoriums van verskeie belanghebbendes in die kernkragbedryf moes plaasvind.

'n Derde laboratorium vir die minimalisering van afval is byna voltooi. Dit sal gevolg word deur verdere fases in die konstruksie van 'n volledig selfonderhoudende sentrum, insluitende 'n laboratorium vir bestraling en omgewing, werksinkels, en lesings- en kantoorgeriewe.

Daarbenewens is die aanstelling van drie senior dosente, 'n laboratoriumtoesighouer, en 'n stralingsbeskermingsbeampte ook deur die Kampusbestuur goedgekeur.

Rugbyspan beloon nadat hulle uitdaging aanvaar

Danksy 'n donasie van prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, het die rugbyspan van die Mafikengkampus onlangs splinternuwe trui, kortbroeke en sokkies met die NWU-handelsmerk gekry.

Die span het hierdie welverdiende donasie ontvang nadat hulle die uitdaging van prof Rost aanvaar het om deel van 'n erkende liga te word en 'n wedstryd te wen. Die Kampus-rugbyspan is nou by die Noordwes-ontwikkelingsliga geaffilieer. Hulle speel teen spanne van Rustenburg, Lichtenburg, Itoseng-sentraal en -suid, Potchefstroom en Vaal Reefs. Die span het verlede seisoen ses wedstryde gespeel, waarvan hulle vyf gewen en slegs een verloor het.



Vanaf links is mnre Ricky van Rooyen, Sportbestuurder, Tumelo Maruping, Sportraadvoorsitter en Muzi Fodo, spankaptein, en Prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite.



Verskeie belanghebbendes was tydens die openingseremonie teenwoordig. Van links is mnr Bethuel Ngakane, Bestuurder: Onderhoud, mnr Humphrey Molemoeng, Direkteur: Finansies en Fasiliteite, prof Hendrik van der Linde, Bestuurder: STSWT, prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus, prof Simeon Taole, Fisika, dr Aunaud Faanhof, NECSA, dr Nandi Mumba, STSWT, en dr Mogege Mosimege, Viserektor: Akademie.

De Ridder breek 'n lansie vir Afrika

Prof Hans de Ridder van die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap van die Fakulteit Gesondheidwetenskappe aan die Potchefstroomkampus is tydens die onlangse Pre-olimpiese Sportwetenskap en -medisynekongres in China aangewys as die nuwe president van die *International Society for the Advancement of Kinanthropometry* (ISAK).

Prof De Ridder, wat voorheen die Sekretaris-generaal van ISAK was, is die eerste persoon uit Afrika wat tot president verkies is, asook die eerste oit van 'n ontwikkelende land. Die vorige vyf presidente was onder meer van België, Kanada, VSA en Nieu-Seeland.

Dié eer het Prof De Ridder te beurt geval nadat hy die afgelope ses jaar die sekretaris-generaal van ISAK was. Hy is onbestrede tot president verkies en sal vir die volgende vier jaar aan stuur van sake by dié internasionale vereniging wees. Die volgende pre-olimpiese kongres vind in 2012 in Engeland plaas.



Prof Hans de Ridder (regs), nuutverkoose president van die *International Society for the Advancement of Kinanthropometry* (ISAK), saam met die eerste president van die vereniging, prof Jan Borms van België.

Waarom wetenskap skielik sin maak vir leerders

In 'n poging om die Vaaldriehoek-streek se matriek-slaagsyfer te verbeter het die Skool vir Opvoedkunde aan die Vaaldriehoek-kampus van die NWU saamgespan met die Departement van Onderwys (Sedibeng-Wes) en met 'n projek vorendag gekom waarby meer as 5 000 leerders baat vind.

'n Totaal van 37 skole neem aan hierdie intervensieprogram deel. Gedurende die onlangse winterreses het dié leerders bykomende opleiding ontvang in Engels, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Lewenswetenskap, Rekeningkunde en Natuurwetenskap.

Voor- en na-toetsing het getoon dat leerders se begrip en kennis met tot 80% in sommige vakgroepe, insluitende Natuurwetenskap, verbeter het.



Meer as 5 000 leerders neem aan die intervensieprojek deel en meer as 200 opvoedkunde- studente van die Vaaldriehoek-kampus is opgelei om as fasiliteerders op te tree.

Nuwe hoofstuk vir biblioteek

Die biblioteek op die Vaaldriehoek-kampus het onlangs tydens 'n glansgeleentheid 'n splinternuwe baadjie aangetrek en 'n nuwe naam gekry. Die biblioteek, wat voorheen bekend was as 'n takbiblioteek van die Ferdinand Postma Biblioteek op die Potchefstroom-kampus, is nou bekend as die Vaaldriehoek-kampus Biblioteek.

'n Kunsuitstalling deur An-Mari's Kunstgalery het tot die glans van die geleentheid bygedra. 'n Hoogtepunt was die oorhandiging van 'n selfstudie van die Rektor van die Vaaldriehoek-kampus, prof Piet Prinsloo, deur die kunstenaar Ilse Straw. Dié skildery het nou 'n ere-plek in die biblioteek.



Mee Louise Postma en Joany Fransman het onlangs na onderskeidelik Finland en Kanada vertrek.

Onderwysdosente slaan buitelandse studiebeurse los

Twee dosente van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroom-kampus het buitelandse studiebeurse losgeslaan en onlangs na onderskeidelik Kanada en Finland vertrek waar hulle onder meer navorsing doen vir hul nagraadse studies.

Me Joany Fransman, 'n dosent in Wiskundige Geletterdheid, stel by die Brock Universiteit in Kanada ondersoek in na wiskundige geletterdheidsprogramme vir onderwysers. Me Louise Postma, 'n dosent in Onderrigleer en Inligtingstudies, is ingevolge 'n nagraadse uitruilprogram na die Universiteit van Joensuu in Finland. Me Postma plaas saam met kollegas aan dié universiteit die virtuele leeromgewing onder die vergrootglas.



Die amptelike onthulling van die nuwe naamplaat vir die Vaaldriehoek-kampus Biblioteek is behartig deur mnr Tom Larney, Direkteur: Ferdinand Postma Biblioteek, Potchefstroom-kampus, en prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoek-kampus.

NWU-finansies is in bekwame hande

In die 2007-Jaarverslag wat pas gepubliseer is, blyk dit dat die Noordwes-Universiteit (NWU) se finansies gesond en stabiel is. As voortsetting van die reeks oor die aktiwiteite van die Institusionele Bestuur het Eish! by prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite gaan uitvind wat die geheim agter goeie finansiële bestuur en 'n geslaagde begroting is.

Om die 2007- finansiële jaar met 'n algehele surplus van R85 miljoen te kon afsluit, is geen geringe prestasie nie. Wat dit nog meer besonders maak, is die feit dat die Universiteit nog elke jaar sedert die samesmelting in 2004 'n surplus kon toon.

Daarbenewens kon die Universiteit vir die eerste keer sedert die samesmelting in 2004 daarin slaag om sy selfgegenereerde inkomste sodanig te verhoog dat die staatsubsidie nou minder as 40% van die totale inkomste verteenwoordig. In teenstelling met die 42,8% wat die staatsubsidie in 2006 van die totale inkomste uitgemaak het, het dit tydens die 2007-verslagjaar tot 39,8 % gedaal.

Die self geenereerde inkomste, wat meestal uit navorsings-, entrepreneuriese en beleggingsaktiwiteite bestaan, het gedurende 2007 met 27,4% toegeneem. Volgens prof Rost vergelyk die NWU se finansiële posisie baie goed met dié van ander hoërondewysinstellings in Suid-Afrika.

"Ons beskik nou wel nie oor reuse reserwes soos byvoorbeeld die universiteite van Pretoria, Kaapstad en Stellenbosch nie, maar in vergelyking met sommige van die ander instellings wat in geldelike verknorsing is, is ons finansies in 'n baie goeie toestand," sê hy. "Ons is nie 'n ryk universiteit nie, maar beslis ook nie 'n flentergat-universiteit nie."

Goeie finansiële bestuur

Prof Rost is van mening dat behoorlike geldmarkbestuur, 'n goeie likiditeitsposisie, streng finansiële dissipline en goeie kontrolemaatreëls die sleutels tot goeie finansiële bestuur is.

"Na my wete is ons die enigste universiteit in die land wat 'n geldmarkbestuurder het en ons kontant op 'n daaglikse basis bestuur," sê prof Rost. Die prestasie van die NWU se geldmarkbestuurder word kwartaalliks deur ABSA-konsultante en -aktuarisse geëvalueer. Die NWU kon nog elke jaar die norm wat deur ABSA gestel word, bereik, wat 'n uitstekende prestasie is.

"Wat likiditeit betref, moet 'n instansie sorg dat hy genoeg geld in die bank het om byvoorbeeld gulde geleenthede wat hul voordoen, te kan benut," sê hy.

"Debiteure moet so vinnig as moontlik ingevorder word, terwyl krediteure stadiger betaal moet word, maar natuurlik sonder om die instansie se beeld na buite skade te berokken."

Streng finansiële dissipline is vir prof Rost baie belangrik. "Ons mag nie hoër vlieg as wat ons vlerke lank is nie," sê hy. "Een van die kontrolemaatreëls wat ons in ons finansiële stelsels ingebou het om toe te sien dat die NWU-gemeenskap nie meer geld spandeer as wat beskikbaar is nie, is 'n verantwoordelikhedsbestuurstelsel," sê hy.

Dit behels dat bestuurders dwarsoor die Universiteit die verantwoordelikhede dra om besteding te kontroleer en nie uitgawes goed te keur waarvoor daar nie geld is nie.

'n Verdere kontrolemaatreël is verslagdoening van uitgawes; met ander woorde om te kyk hoe die NWU werklik presteer teenoor sy begroting.

Begroting

Prof Rost is van mening dat kontrole en die begrotingsproses onlosmaaklik verbind is. "Ons het 'n inkomste-gebaseerde begroting en kyk dus eers wat ons inkomste is, voordat ons bepaal wat ons kan uitgee."

Prof Rost gee die versekering dat vanjaar se begrotingsproses tot dusver glad verloop het en op skedule is.

Nadat die vier begrotingseenhede, naamlik die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus en die Institusionele Kantoor elkeen sy eie begrotingsproses gevolg het, is die afsonderlike begrotings ingedien en gekonsolideer.

Op 15 Augustus 2008 is hierdie gekonsolideerde begroting deur die Institusionele Begrotingskomitee bespreek. Dié komitee, waarop die vier begrotingseenhede verteenwoordig word, met prof Rost as Voorsitter, maak aanbevelings aan die Institusionele Bestuur (IB). Die finale begroting is op 21 Augustus 2008 aan die IB voorgelê, waarna die IB hul aanbeveling aan die Finansiële Komitee gemaak het. Hierdie komitee vergader op 3 November en sal ná oorweging sy aanbeveling aan die NWU-Raad maak vir finale goedkeuring tydens die raadsvergadering op 21 November 2008.

Maar wat is die geheim van 'n goeie begroting?

Volgens prof Rost moet 'n geslaagde begroting eienaarskap daarvan in die vier begrotingseenhede vestig, die NWU-gemeenskap in staat stel om hul kerntake behoorlik uit te voer, en verseker dat die Universiteit 'n finansiële gesonde, lopende saak bly. "As ons aan hierdie vereistes kan voldoen en goeie kontrole kan uitvoer, is ons op die regte pad," sê prof Rost.

Een van die kenmerke van die 2009-begroting is dat twee persent van die bruto inkomste toegewys is aan die Strategiese Fonds wat aangewend word om die oorhoofse strategiese doelwitte van die Universiteit te bereik. Hierdie doelwitte dra op hul beurt daartoe by dat die NWU kan vorder om sy visie, "om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedrewe deur innovasie en die strewe na kennis," te verwesenlik.



Prof Johan Rost

Uitdagings

Tydens die 2009-begrotingsproses moes die Universiteit uitdagings soos stygende salariskoste, rentekoerse en inflasie in ag neem.

“Ons kan ongelukkig nie hierdie realiteite vryspring nie, en moes nou reeds voorsiening maak vir verwagte prysstygings gedurende volgende jaar,” sê prof Rost. “Ons moes ook in ag neem dat die die NWU se kliënte minder geld het om te spandeer, en dat dit al hoe moeiliker word om uitstaande skuld in te Vorder.”

Teen hierdie agtergrond ag prof Rost dit baie belangrik om versigtig te werk te gaan totdat die ekonomie verbeter. “Tydens 2008/9 sal ons almal maar ons gordels moet stywer intrek,” maan hy.

Hy beveel aan dat NWU-personeel hulself telkens moet afvra of ‘n spesifieke uitgawe regtig nodig is en daadwerklik bydra tot die kernbesigheid van die Universiteit, naamlik onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid, voordat dit aangegaan word.

Vordering

Soos op talle ander terreine, het die NWU ook wat sy finansies en bates betref, reeds ver gevorder sedert die samesmelting in 2004.

Een van die uitstaande prestasies is die universiteitswye instandhoudings-program vir geboue wat sedert die samesmelting tot stand gebring is.

“Ons het daarin geslaag om die afgelope vier jaar die agterstand op die Mafikengkampus in ‘n groot mate uit te wis. Soos vir die ander kampusse, geld daar vir dié kampus ook nou ‘n 10-jaar-instandhoudingsplan. Ek glo ons gee in hierdie opsig die pas aan, vergeleke met die meeste ander universiteite in Suid-Afrika,” sê prof Rost.

Infrastruktuur en geboue

Benewens die instandhoudingsprogram vir geboue, belê die Universiteit ook aansienlike bedrae in kapitaalprojekte om die Universiteit se fasiliteite en infrastruktuur te verbeter, met die doel om die bes moontlike akademiese- en ekstrasurrikulêre ontwikkelingsgeleenthede aan studente te bied.

Onder die bekwame leiding van die afdeling Fisiese Infrastruktuur en Beplanning is die eerste drie fases van ‘n bouprojek van R30 miljoen byvoorbeeld onlangs op die Vaaldriehoekskampus voltooi. Hierdie projek sluit die oprigting in van akademiese geboue soos nuwe kantore vir akademiese personeel, lesinglokale en rekenaarlaboratoriums.

Op die Mafikengkampus is meer as R15 miljoen gedurende 2007 bestee om nuwe akademiese geboue en studentefasiliteite op te rig. Die bouwerk aan ‘n nuwe studentesentrum, wat na verwagting ongeveer R13 miljoen sal kos, het reeds begin.

Die NWU se opgraderingsprogram vir fasiliteite sluit ook beter sportinfrastruktuur in, soos die twee Astro Turf-hokkievelde op die Potchefstroomskampus, wat dit die tophokkiefasiliteit in Afrika maak.

Inligtingstechnologie

Nog ‘n afdeling wat onder prof Rost resorteer, is Institusionele Inligtingstechnologie, wat ‘n onontbeerlike onderbou vir die kernaktiwiteite van die Universiteit voorsien.

“Ook op hierdie terrein het ons ver gevorder sedert die samesmelting,” sê prof Rost. Die wyse waarop die verskillende stelsels by die Universiteit deur die implementering van die Oracle-tegnologie in Junie 2006 geïntegreer is, is dan ook deur Oracle-rolspelers as van die beste in Suid-Afrika geloof.

Die Universiteit se IT-infrastruktuur het die afgelope tyd ook vinnig gegroei, ten opsigte van beide volume en funksionaliteit. Die netwerk beweeg nou na aan 12 000 nodusse, met ongeveer 180 bedieners in vier datasentrums. Daar was ook ‘n verhoogde vraag na skyfspasie en internetbandbreedte, en laasgenoemde het van 11 MB/s tot 20 MB/s uitgebrei.

Die pad vorentoe

Prof Rost het vier wense vir die toekoms van die NWU. Die eerste is dat die Universiteit se vermoë om duur toerusting te vervang op dieselfde gunstige vlak gebring word as dié waarop die Universiteit hom bevind wat die instandhoudingsprogramme vir geboue betref.

Nog ‘n wens is om te sien hoe die Universiteit se strategie om die verhouding tussen eie en vreemde (geleende) kapitaal te verbeter, vrugte afwerp.

Daarbenewens wil prof Rost ook graag toesien dat die finansiële bestuursvaardighede van akademiese bestuurders dwarsoor die Universiteit verbeter.

Wat homself betref, is dit vir hom baie belangrik dat hy eendag die Universiteit in ‘n beter finansiële posisie sal agterlaat as waarin hy dit gevind het toe hy in 1991 as Registrateur: Finansies by die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in diens getree het.

“Ek sien myself as ‘n rentmeester vir die Universiteit. Ek werk met trustgeld en beskou dit as ‘n reuseverantwoordelikheid,” sê hy.

Prof Rost het groot waardering vir die harde werk en toewyding van sy span. “Dit is aan hulle bydrae te danke dat ons soveel vermag het,” sê hy.

Met die 2009-begrotingsproses goed op dreef, die nodige kontrolemaatreëls in plek en prof Rost wat as verantwoordelike rentmeester saam met sy span ‘n wakende oog hou, is dit duidelik dat die NWU se finansies nie net kerngesond is nie, maar ook in bekwame hande is.

Wat is u gunsteling dis?

Roivleis, veral ‘n skaapribbetjie oor die kole gebraaï.

Wat doen u vir ontspanning?

Ek is ‘n natuurmens en is baie lief vir perdry. Ek neem graag aan uithouritte deel, met my vrou, Liez, wat my dan met die versorging van die perde help.

Wat maak u gelukkig?

Om op ‘n Saterdagmiddag met ‘n glasie goeie rooiwijn langs ‘n yslike kampvuur op ons plaas te sit, met Liez aan my sy.

Wat is u idee van ‘n lekker vakansie?

Weskusvakansies en staptogte.

Die NWU kon nog elke jaar sedert die samesmelting in 2004 daarin slaag om ‘n surplus te toon.



Me Elmarie de Beer, Direkteur: Finansies



Mnr Louis van der Ryst, Direkteur: Fisiese Infrastruktuur en Beplanning



Mnr Attie Juyn, Direkteur: Institusionele Inligtingstechnologie



Mnr Wessel Jansen van Rensburg, Direkteur: Geldmark



Mnr Danie Rothman, Direkteur: Interne Oudit

Beeldbou begin van binne, sê die nuwe kommunikasiedirekteur

Mnr Louis Jacobs is vanaf 1 Julie 2008 in die Departement van Korporatiewe Sake en Verhoudinge as Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie aangestel. Eish! het hom gevra om ons meer te vertel van die rol wat hy van plan is om by die NWU te speel.



Mnr Louis Jacobs

Mnr Jacobs, voormalige media-woordvoerder vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) in die Noordwes-provinsie, is aangestel om die interne en eksterne kommunikasie-aktiwiteite te koördineer wat die Universiteit se strategiese posisionering ondersteun en sy positiewe openbare beeld bevorder.

Hy sê om hierdie doelwitte te bereik, moet spesiale aandag aan die NWU se interne belanghebbendes gegee word. "Ek glo dat ons NWU-personeel en -studente eerste gemotiveer en betrek moet word. Hulle moet aangemoedig word om uit te blink in wat hulle doen, en om die waardes van die Universiteit uit te leef. Sodoende sal hulle die

Universiteit aan buite-belanghebbendes 'verkoop'," sê hy.

Dit is duidelik uit mnr Jacobs se CV dat die NWU baat sal vind by die wye ondervinding wat hy deur die jare opgedoen het. Nadat hy in 1986 en 1987 onderskeidelik 'n BA-graad en Hoër Onderwysdiploma aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Hoër Onderwys verwerf het, het hy in 1994 'n Sertifikaat in Openbare Skakelpraktik by die Openbare Skakelinstituut van Suid-Afrika (OSISA) verwerf.

In die SAPD was hy Assistent-direkteur: Kommunikasie, en Afdelingshoof: Mediasentrum vir Kommunikasie en Skakeling. Sy verantwoordelikhede het ingesluit dat hy daaglik met die media moes skakel, mediavystellings moes skryf, met 86 polisiestasies in die provinsie moes skakel en die beeld van die SAPD deur mediakonferensies en media-opedae en uitstallings moes bevorder. Mnr Jacobs het ook artikels en foto's vir die SAPD se webtuiste, die elektroniese nuusbrieff en die amptelike SAPD-tydskrif voorberei.

Hy sê sy sterk punte is sy sin vir humor en sy vermoë om goeie verhoudings met mense te bou. "Ek glo daarin om die bydraes wat mense maak, te erken. Dit motiveer hulle om selfs meer te doen."

Mnr Jacobs se kernverantwoordelikhede sluit die volgende in:

- Die inisiëring en ondersteuning van die rol en aktiwiteite van Korporatiewe Sake en Verhoudinge.
- Die ontwikkeling en uitvoering van die eksterne kommunikasiestrategie, optrede as institusionele woordvoerder en skakeling met alle media; en
- Die inisiëring en koördinering van die ontwikkeling van 'n bemerkingsplan vir die institusionele handelsmerk.

Beslissende oomblik: Toe ek besef het dat ek die vermoë het om mense se lewens op 'n positiewe wyse aan te raak en hulle te beïnvloed om saam 'n gemeenskaplike doelwit na te streef.

Persoonlike filosofie: Wat jy ookal in die lewe doen, doen dit na die beste van jou vermoë en met jou hele hart, of dit nou werk of plesier is.

Wat ek in mense waardeer: Eerlikheid, lojaliteit en toewyding. Ook wanneer iemand opkom vir dit waarin hy of sy glo.

Stokperdjies: Ontwerp en uitlê van tuine, en die koördinering van funksies.

Dit maak my gelukkig: Om gehaltetyd saam met my vrou, dogter, familie en vriende deur te bring. Die lewe is te kort om nie hierdie geleenthede te koester nie.

Navorsingsondersteuning gee om vir personeel

Die Departement Navorsingsondersteuning stel dit ten doel om die navorsingsvaardighede van akademiese personeel te verbeter en het verskeie inisiatiewe van stapel gestuur en ondersteun om hierdie proses te fasiliteer.

NWU-navorsers kan nou, onder meer, 'n diploma in Internasionale Navorsingsetiek verwerf, aangewys word as die NWU se Navorsers van die Jaar, sonder sukses 'n lys van gesubsidieerde navorsingstydskrifte bekom, en toegang verkry tot 'n meer gebruikersvriendelike navorsingsetiek-aansoekvorm.

NWU-navorsers kan nou 'n **diploma in Internasionale Navorsingsetiek** van die Internasionale Navorsingsetieknetwerk vir Suidelike Afrika (INENSA) verwerf, in samewerking met die Universiteit van Kaapstad se Sentrum vir Bio-etiek.

Die kursus begin vroeg in 2009 en sal oor 'n akademiese jaar strek. Die eerste ses groepe het reeds die program voltooi, of is in die proses om dit te voltooi. INENSA is tans besig om hul sewende groep van 10 of 11 studente te werf. Vir meer inligting kontak me Marietjie Halgryn, Marietjie.Halgryn@nwu.ac.za of (018) 299 4852.

Die NWU stel sy navorsers op prys, en om sy waardering vir hierdie

toegewyde personele te toon, gaan die Universiteit nou vir die eerste keer begin om toekennings te gee vir die **Navorsers van die Jaar**, die Junior Navorsers van die Jaar en die Navorsingsentiteit van die Jaar.

Die wenners van hierdie toekennings sal bekendgemaak word by die jaarlikse toekenningsseremonie vir Uitnemendheid in Navorsing. Vir meer inligting kontak vir prof Amanda Lourens by Amanda.Lourens@nwu.ac.za of (018) 299 4848. Navorsers wat op soek is na 'n **lys tydskrifte wat deur die Departement van Onderwys gesubsidieer** word, kan nou die interaktiewe webblad besoek wat deur die NWU se Biblioteekdiens opgestel is om die soektog na geakkrediteerde tydskrifte te vergemaklik. Die voordeel van hierdie databasis is die feit dat al die lyste gelyktydig deursoek kan word.

Hierdie webblad is beskikbaar by: <https://intranet.nwu.ac.za/opencms/export/intranet/html/af/in-im-rs/publicationoutput/publicationguidelines/index.html> Of: http://www4-win2.p.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/accred_a.htm Nuwe navorsingsetiek-aansoekvorm vergemaklik sake

'n **Nuwe gebruikersvriendelike navorsingsetiek-aansoekvorm**, ontwikkel as 'n interaktiewe vorm wat slegs dié dele vertoon wat ingevul moet word, is nou beskikbaar op die NWU se navorsingsintranetblad. Microsoft Infopath, 'n voorvereiste vir die voltooiing van die vorm, is ook beskikbaar op die NWU se netwerk. 'n Volledige gebruikershandleiding is ook op aanvraag beskikbaar. Die nuwe navorsingsetiek-aansoekvorm is beskikbaar by: <https://intranet.nwu.ac.za/opencms/export/intranet/html/af/in-im-rs/researchethics/index.html>

NWU stel studente in staat om **afllyn** te studeer

Sakai Solo, 'n nuwe produk wat deur die Noordwes-Universiteit (NWU) in samewerking met UNISA en Psybergate ontwikkel is, het onlangs internasionale erkenning en belangstelling ontlok toe dit tydens 'n Sakai-konferensie in Frankryk bekendgestel is. Hierdie produk laat studente toe om "afllyn" met hul studies voort te gaan gedurende periodes wanneer hulle nie internettoegang het nie.

Die ontwikkeling van Sakai Solo is geïnisieer en word bestuur deur die institusionele Departement Inligtingstechnologie-sentraal (ITS) en Akademie Steundienste (AS) van die NWU. Volgens mnr Boeta Pretorius, IT-bestuurder: Toepassings en Navorsing, kan Sakai Solo die antwoord wees vir studente wat sukkel om aanlyn te studeer as gevolg van hoë internetkoste en gebrekkige bandwydte.

"Met Sakai Solo hoef studente slegs vir kort periodes aan die internet te koppel om hul studiemateriaal na 'n plaaslike rekenaar af te laai, asook vir deelname aan aanlyn-leeraktiwiteite soos groepsbesprekings," sê hy.

Sakai is 'n wêreldwye inisiatief om e-studie en samewerking-sagteware te ontwikkel, en word deur 'n stigting bestuur. Sakai Solo is deel van die Sakai e-studie en samewerkingsomgewing wat 'n gratis en oopbronprodukt is wat deur die Sakai-gemeenskap opgebou en in stand gehou word. eFundi, 'n stelsel wat ook uit hierdie sagteware bestaan, is ook met sukses as die NWU se e-studie omgewing geïmplementeer. eFundi stel studente in staat om aanlyn toegang tot hul studiemateriaal te kry, en om aan 'n verskeidenheid leeraktiwiteite deel te neem, soos onder meer om opdragte te pos, kennisgewings te lees, en toegang tot nuttige hulpbronne te kry.

Die NWU het die inisiatief geneem en die spesifikasies vir die stelsel opgestel. Hulle bestuur die projek in samewerking met UNISA, terwyl Psybergate vir die eintlike programmering verantwoordelik is. Sakai Solo is tans in die finale fases van ontwikkeling. 'n Loodsprojek sal tydens die tweede semester van hierdie jaar deur die NWU geloods word. Die volledige bekendstelling sal in Januarie 2009 plaasvind.



Die Noordwes-Universiteit het weer 'n skenking van die Organisasie vir Dramatiese, Artistieke en Literêre Regte (DALRO) ontvang. Teenwoordig by die oorhandigingsseremonie wat onlangs deur die NWU se Institusionele Regsdienste georganiseer is, is van links na regs: Prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus, en mnr Gerard Robinson, Uitvoerende Direkteur: DALRO. Agter van links na regs is mnr Frans Kruger, Institusionele Direkteur: Regsdienste, NWU, en mnr Herman Blignaut, 'n direkteur van Spoor & Fischer. Die skenking word jaarliks gemaak vir die uitbreiding van en navorsing oor die beskerming van intellektuele eiendomsreg oor die algemeen.

RAADSGREPE

Hoër onderwys in konteks: Die Visekanselier het 'n aanbieding gedoen oor die NWU se posisionering ten opsigte van die hoërondwysdoelwitte. Die aanbieding is beskikbaar op die web by http://www.nwu.ac.za/news/council/index_a.html.

2007-Jaarverslag: Met die aanvaarding van die 2007-Jaarverslag het die Raad die Bestuur, personeel en studente gelukkig gemaak met die goeie akademiese, finansiële en oorhoofse resultate. (Lees meer oor die 2007-Jaarverslag op bladsy een.)

Beleide: Die volgende beleide is deur die Raad goedgekeur: Terugvoer oor Onderrig en Leer deur Studente, Bestuur van Akademie Programme, en Bestuur van Navorsings- en Innovasiekontrakte.

Institusionele kalender vir 2009: Die Raad het die raamwerk vir 2009 se Institusionele Kalender (met die datums vir lesings, praktiese werk, resesse en eksamens) goedgekeur. Dit is beskikbaar op die webwerf by http://www.nwu.ac.za/dates/2009/index_a.html.

Selfevalueringsproses: Die Raad se selfevalueringsproses word tans hersien. Die Raad het op aanbeveling van sy Uitvoerende Komitee besluit om die Institusionele Registrator te versoek om 'n selfevalueringsvraelys te formuleer en vir goedkeuring voor te lê op die Raadsvergadering op 19 September 2008.

Finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2007: Die bestuurstate soos op 31 Desember 2007 is op 9 Junie 2008 deur die Finansiële Komitee in oënskyn geneem. Die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2007 is op 27 Mei 2008 deur die Komitee vir Oudit, Nakoming en Risikobestuur bespreek. Die finansiële state, ingesluit by die 2007-Jaarverslag, is op aanbeveling van sowel die Finansiële Komitee as die Komitee vir Oudit, Nakoming en Risikobestuur deur die Raad goedgekeur.

Nuwe NWU-navorsingsentiteite aangekondig

Die name van een navorsingsentrum van uitnemendheid, 11 navorsingseenhede, drie fokusareas en vyf navorsingsnisareas is aangekondig as deel van die implementering van die nuwe navorsingsentiteitemodel wat onlangs deur die NWU aanvaar is.

Hierdie entiteite is geïdentifiseer nadat die verslae van eksterne beoordelaars – almal spesialiste op die gebied – deur die Institusionele Navorsingsteunkommissie bestudeer is. Daarna is aanbevelings gemaak aan die Institusionele Bestuur (IB) en die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI).

Nog drie navorsingsentiteite sal gedurende September 2008 geëvalueer word, waarna 'n finale lys van entiteite versprei sal word.

Sentrum van uitnemendheid

Die Sentrum van Uitnemend vir Voeding (SUV) in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Potchefstroomkampus is die enigste navorsingsentiteite wat tot dusver as 'n navorsingsentrum vir uitnemendheid geklassifiseer is. Dit is die hoogste vlak wat 'n navorsingsentiteite kan bereik.

Dit is werklik 'n besondere prestasie om as 'n navorsingsentrum van uitnemendheid geïdentifiseer te word. Só 'n sentrum kan beskryf word as 'n internasionaal erkende, langertermyn multidisiplinêre en transdisiplinêre navorsingsgroep wat onder leiding van 'n direkteur met beduidende navorsingskundigheid funksioneer. Voorts word daar van so 'n sentrum verwag om 'n duidelike fokus te hê wat deur die spesifieke kampus geïdentifiseer word, deel uitmaak van die oorkoepelende strategiese plan van die Universiteit en die betrokke kampus, en gekoppel is aan nasionale prioriteite met 'n internasionale navorsingsimpak.

Navorsingseenhede

Die volgende nuwe navorsingseenheid is aan die NWU geïdentifiseer:

- Think!well: Ekonomiese Waarde van Welstandsnavorsing

Om te kwalifiseer, moet 'n eenheid aan die volgende kriteria voldoen: dit moet 'n beduidende, nasionaal erkende, langertermyn multidisiplinêre en transdisiplinêre navorsingsgroep met 'n duidelike fokus wees wat deur 'n kampus geïdentifiseer is, dit moet deel uitmaak van die oorkoepelende strategiese plan van die Universiteit en die betrokke kampus, moet gekoppel wees aan nasionale prioriteite met nasionale navorsingsimpak, en dit moet onder leiding van 'n direkteur funksioneer.

Die bestaande navorsingseenhede aan die NWU:

- Eenheid vir Energiestelsels
- Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika
- Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
- Eenheid vir Ruimtefisika

- Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur
- Eenheid vir Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat
- Afrika-eenheid vir Transdisiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)
- WorkWell: Navorsingseenheid vir Mense, Beleid en Prestasie
- Eenheid vir Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling

Fokusareas

Drie fokusareas is geïdentifiseer:

- Veredeling van Chemiese Hulpbronne
- Volhoubare Maatskaplike Ontwikkeling
- Onderrig-leerorganisasies

'n Fokusarea het 'n duidelike fokus wat deur die kampus geïdentifiseer is, maak deel uit van die oorkoepelende strategiese plan van die Universiteit en is gekoppel aan nasionale prioriteite met 'n navorsingsimpak in die streek, en funksioneer onder leiding van 'n direkteur.

Nisareas

Die volgende nuwe navorsingsnisareas is geïdentifiseer:

- Sosio-ekonomiese Impak van Toerisme (Potchefstroomkampus)
- Bevolking en Gesondheid (Mafikengkampus)
- Opvoedkundige Tegnologie vir Effektiewe Onderrig, Leer en Fasilitering (Potchefstroomkampus)
- Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HANS) (Potchefstroomkampus)
- Fisiese Aktiwiteit Sport en Rekreasie (FASRek) (Potchefstroomkampus)

'n Nisarea het 'n duidelike fokus wat deur die kampus geïdentifiseer is en deel uitmaak van 'n oorkoepelende strategiese plan van die Universiteit en die kampus, met 'n plaaslike navorsingsimpak.

Die onderliggende beginsel in die identifisering en ontwikkeling van navorsingsentiteite is dat die Universiteit en elke kampus moet aandag gee aan die ontwikkeling van navorsingsterkpunte wat relevant is vir hul spesialisiteitsrigtings en plaaslike konteks.

Prof Amanda Lourens, Direkteur: Navorsingsondersteuning, glo dat die nuwe model die Universiteit ook sal help om sy missie te bereik om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word en om sy kundigheid op 'n innoverende wyse te implementeer.

Die navorsingsentiteite sal op 31 Oktober 2008 amptelik bekendgestel word by die jaarlikse toekenningsfunksie vir Uitnemendheid in Navorsing.

Navrae oor die navorsingsentiteite kan gerig word aan prof Amanda Lourens by Amanda.Lourens@nwu.ac.za, of (018) 299 4848.



Me Marietjie Halgryn is onlangs as Senior Navorsingsbeampte aangestel by die institusionele Departement Navorsingsondersteuning.

'n Nuwe gesig by Navorsingsondersteuning

Met ingang van 1 Julie 2008 is me Marietjie Halgryn aangestel as Senior Navorsingsbeampte by die Departement Navorsingsondersteuning. Sy is in die plek van me Zita Prinsloo, wat afgetree het ná 25 jaar diens.

Me Halgryn is verantwoordelik vir alle navorsingsondersteuning aan lede van

die NWU se navorsingsgemeenskap wat reeds toekennings (insluitende NNS) ontvang het. Behalwe dat sy navorsers ondersteun wat reeds navorsingtoekennings ontvang het, behels haar ander verantwoordelikhede dat sy die administrasie van navorsingsetiek-toepassings vir die NWU se Navorsingsetiekkomitee hanteer. Sy was vroeër verbonde aan die Potchefstroomkampus se Finansiële Steundienste as beursbeampte, en was verantwoordelik vir alle voorgraadse beurse op die Kampus.

Me Marietjie Halgryn se kontakbesonderhede is Marietjie.Halgryn@nwu.ac.za, tel (018) 299 4852.

NWU kry R2,7 miljoen van DvO vir navorsingsontwikkeling

Die Noordwes-Universiteit (NWU) het 'n toekening van R2,7 miljoen vir navorsingsontwikkeling van die Departement van Onderwys (DvO) ontvang. Dit is op die navorsingsuitset vir 2007/08 gebaseer.

Hierdie bedrag is aansienlik laer as die R3,75 miljoen-toekening wat die NWU verlede jaar ontvang het. "In hierdie geval is minder in werklikheid meer, aangesien die DvO groter toekennings gee vir gevalle waar betekenisvolle navorsingsontwikkeling nog nodig is," sê prof Amanda Lourens, Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning. "Die NWU se laer toekening toon die gevorderdheid wat die Universiteit bereik het met die ontwikkeling van sy navorsingskapasiteit."

Dit is omdat die ontwikkelingstoekening gemaak word aan instellings wat nog nie die norm bereik het wat deur die DvO gestel word nie, naamlik 1,25 navorsingsuitset-eenhede (insluitend navorsingspublikasies en navorsingsmeestersgrade en doktorsgrade) per permanente akademiese personeelid per jaar.

Hoe groter die "tekort" (die gaping tussen die uitset en die teiken), hoe groter is die toekening wat gegee word. Aan die ander kant, hoe nader die instelling aan die teiken is, hoe kleiner is die toekening.

Aangesien die NWU se navorsingsuitset die afgelope vyf jaar toegeneem het, het die tekort tussen die DvO se teiken en die NWU se werklike navorsingsuitset afgeneem. Gevolglik is minder geld vir navorsingsontwikkeling toegeken.

"Uit die syfers hieronder is dit duidelik dat die DvO se toekening deur die jare afgeneem het. Dit wys dat ons nader aan die DvO se teiken beweeg," sê prof Lourens.

Die ontwikkelingstoekening het die afgelope vyf jaar soos volg afgeneem:

2004	2005	2006	2007	2008
R11,762m	R10,232m	R6,737m	R3,750m	R2,7m

Die tabel hieronder illustreer hoe die DvO se bloktoekening vir navorsingsontwikkeling van 2004 tot 2007 bestee is. Let egter daarop dat hierdie syfers slegs aandui hoe die fondse van die DvO bestee is. Dit sluit die Universiteit se beduidende belegging as deel van sy strategiese fokus op navorsing uit.

Die Universiteit het byvoorbeeld in 2006 R10 miljoen en in 2007 R10 miljoen aan duur navorsingstoerusting op die drie kampusse bestee. Daarmee saam het die Universiteit in 2006 'n bykomende R3,9 miljoen (R1,3 miljoen per kampus) vir verdere personeel-kapasiteitsontwikkeling in navorsing belê. 'n Spesiale Indiensnemingsgelykheidsfonds van R4,6 miljoen per jaar oor drie jaar is ook vanaf 2006 daargestel.

Item	Fondse geormerk			
	2004	2005	2006	2007
Thuthuka-bydraes	R 300 000	R 300 000	R 300 000	R 500 000
Post doktorale beurse	R 1 500 000	R 1 500 000	R 1 500 000	R 1 500 000
Kapasiteitsbou	R 1 000 000	R 1 000 000	R 1 000 000	R 1 000 000
Navorsingstoerusting	R 8 800 000	R 7 200 000	R 3 937 000	R 750 000
Navorsingsopleidingsseminare	R 162 000	R 232 000		
TOTAAL	R 11 762 000	R 10 232 000	R 6 737 000	R 3 750 000

Navorsingswerkswinkels

As deel van die NWU se navorsingskapasiteitsontwikkelingsprogram bied die Institusionele Departement Navorsingsondersteuning verskeie werkswinkels oor verwante onderwerpe aan. In die lig van die onlangs aanvaarde nuwe navorsingsentiteitmodel sal spesifieke opleidingsinisiatiewe bekendgestel en aangekondig word vir die nuwe navorsingsentiteit-leiers.

Opkomende werkswinkels word hieronder gelys:

WERKSWINKEL	DATUM	FASILITEERDER
Mafikengkampus		
Skrif vir publikasie	11 – 13 November 2008	Dr Elizabeth Lickindorf
Werkswinkel oor die ontwerp van vraelyste	15-17 September 2008	Chris Gilfillan
Hoe om as studieleier en promotor op te tree vir nagraadse studente	Moet nog vasgestel word	
Navorsingsetiek vir nuwe panele	Moet nog vasgestel word	
Potchefstroomkampus		
Wetenskaplike kommunikasie vir navorsers	14 November 2008	Marina Joubert
Hoe om as studieleier en promotor op te tree vir nagraadse studente	Moet nog vasgestel word	
Vaaldriehoekkampus		
Skrif vir publikasie	30 September 2008 – 2 Oktober 2008	Dr Elizabeth Lickindorf
Hoe om as studieleier en promotor op te tree vir nagraadse studente	Moet nog vasgestel word	
Navorsingsetiek vir nuwe panele	Moet nog vasgestel word	

Vir meer inligting oor hierdie werkswinkels, kontak me Corné Müller by (018) 299 4849.

Geleenthede vir navorsingsbefondsing

Die Institusionele Departement Navorsingsondersteuning versprei 'n maandelikse befondingskennissgewing via e-pos aan sleutelnavorsingspersoneel en die kampusbesture op die drie kampusse. Hierdie befondingskennissgewing bevat 'n lys van al die geleenthede vir navorsingsbefondsing wat beskikbaar is vir NWU-navorsers, elke maand met 'n uiteensetting van al die nuwe geleenthede. *Neem asseblief kennis van die volgende sperdatum vir befondingsgeleenthede:*

Befondingsgeleentheid	Agentskap	Sperdatum
US National Science Foundation Materials World Network	Nasionale Navorsingstigting	5 November 2008

Vir ander navorsingsbefondingsgeleenthede, besoek gerus die navorsingswebwerf by: https://intranet.nwu.ac.za/af/in-im-rs/research_funding/fundingopportunities/index.html

Alle aansoeke kan ingedien word by me Hannekie Botha. Indien u enige navrae het oor befondingsgeleenthede, kontak haar gerus by (018) 299 4850.

Jy kan ons help om 'n institusionele geheue op te bou

Indien jy rekords of ander items van blywende en betekenisvolle waarde vir die Universiteit hanteer, is jy'n medebouer aan die institusionele geheue van die NWU en moet jy van die Beleid rakende Argiewe, Museums en Versamelings kennis neem.

Die beleid geld nie slegs vir dié NWU-personeel wat direk verantwoordelik is vir die bestuur van rekords, museumstukke of versamelings nie, maar ook vir my en jou, aangesien ons almal die verantwoordelikheid het om die geskiedenis van die NWU vir toekomstige geslagte te bewaar.

Die beleid het ten doel om te verseker dat waardevolle rekords en ander items wat die volle reeks aktiwiteite en funksies van die Universiteit oor 'n tydperk uitbeeld vir toekomstige verwysing en navorsingsdoelindes bewaar word.

Argiewe

Wat argiewe betref, verwys die beleid na onaktiewe korporatiewe rekords van blywende waarde wat nie meer in kantore nodig is nie. Hierdie rekords moet deur die rekordbestuursprogram na die argief en verantwoordelike departemente en eenhede oorgedra word, wat dit namens die Universiteit sal aanvaar, bestuur en bewaar.

“Ons het verlede jaar ongeveer 90 linière meter se argiefmateriaal ontvang, wat baie minder is as in die verlede,” sê me Annette Kellner, die Universiteit se Argivaris.

Hierdie afname was te wyte aan die feit dat, ingevolge die beleid, rekords eers aan die Rekordbestuursafdeling van die Institusionele Sekretariaat vir beoordeling voorgelê moet word. Hierna sal die rekords óf 'n finale rusplek in die NWU se argief kry, óf vernietig word. “Op hierdie manier sal ons seker maak dat slegs rekords met werklike argiefwaarde daar beland. Hierdie maatreëls voorkom dat die argief slegs 'n stoorkamer word,” sê me Kellner.

Museums en versamelings

Die NWU het verskeie interessante museums en versamelings, waarvan die meeste op die Potchefstroomkampus geleë is. Dit sluit in die Ossewa Brandwag- (OB-) museum, wat die beweging se aktiwiteite tydens die Tweede Wêreldoorlog uitbeeld, sowel as 'n museum wat die Fakulteit Opvoedingswetenskappe vroeër hierdie jaar geopen het, en 'n geologiese museum by die Skool vir Omgewingswetenskappe. Die geologiese museum bevat ongeveer 5 843 rotsmonsters wat regoor Suid-Afrika versamel is, asook 'n meteoriet van 120 kg uit Namibië.

“Ek wil graag 'n beroep op personele te doen om museumitems en foto's te skenk vir die volgende fase van die ontwikkeling van die Universiteitsmuseum,” sê me Kellner. “Hierdie fase sal die geskiedenis van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys tussen 1951 en 2003 uitbeeld. Ons het ook items nodig vir die daaropvolgende fases, wat die geskiedenis van die Noordwes-Universiteit uitbeeld sedert dit in 2004 tot stand gekom het.”

Die beleid beskryf museumitems of -versamelings as driedimensionele voorwerpe, kunswerke, monsters of memorabilia wat estetiese, argitektoniese, geskiedkundige, wetenskaplike, sosiale, geestelike, taalkundige of tegniese waarde vir die Universiteit het.

Die volledige beleid is op die NWU-webtuiste by http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/A-Policy_on_Archives_23_Nov_2007.pdf beskikbaar.

Interessante feite oor die NWU-argief, -museum en -versamelings

- Die NWU-argief huisves rekords wat 1 450 linière meter of amper 1,5 kilometer beslaan.
- Die oudste amptelike rekords in die argief is die notules van die heel eerste vergaderings van die *Studenten Letterkundige Vereeniging*, wat uit 1892 dateer.
- Rekords, insluitend foto's, word in die argief by temperature van tussen 16 en 21 grade Celsius, en 'n relatiewe humiditeit van tussen 35% en 45%, bewaar.
- Die Mafikengkampus-argief het reeds na 'n geskikte gebou verhuis en het begin om rekords te bewaar.
- Die Vaaldriehoekkampus bewaar reeds rekords. 'n Nuwe argief sal in die hoofgebou geleë wees, wat teen 2010 voltooi sal wees.
- Die NWU het 'n versameling van meer as 200 000 foto's.
- Swart-en-wit-foto's, en veral hul negatiewe, het 'n baie beter kans om vir 'n lang tyd bewaar te word as digitale foto's.
- Die NWU het meer as 3 500 museumstukke wat gereeld skoongemaak moet word.
- Die NWU het 'n kunsversameling in die galery langs die Ferdinand Postma-biblioteek op die Potchefstroomkampus.
- Die Universiteitsmuseum het 'n merietesertifikaat vir sy buitengewone bydrae tot bewaring van die organisasie Erfenis Potchefstroom ontvang.
- Me Annette Kellner, die Universiteit se Argivaris, is weereens genomineer om vanjaar op die Nasionale Argiefraad te dien.

Begrotingsproses

Die 2009-begrotingsproses vorder goed. Hier is 'n paar interessante feite.

- Netto begrote kontantvloei vir 2009, per begrotingseenheid:

Institusionele Kantoor	(R147,2m)
Mafikeng	(R0,8m)
Potchefstroom	R130,6m
Vaaldriehoek	R10,9m
TOTAAL	(R6,5m)

- Alhoewel die NWU se begroting op 'n kontantvloebasis opgestel word, begroot ons jaarliks vir 'n surplus op die inkomstestaat (wat dus vergelykbaar is met die jaarlikse finansiële state). Die 2009-surplus waarvoor begroot is, beloop R47m (2008: R38,3m).
- **Institusionele Kantoor (IK):** R121,6m van die begrote bedrag strek tot DIREKTE voordeel van die kampusse. (Dit sluit sogenaamde “gedeelde

SETA-beurse 'n meevaller vir personeel en studente

Die Noordwes-Universiteit het beursgeld ten bedrae van R1 595 500 van die EDTP-SETA, die Sektorowerheid vir Onderwys en Opleiding vir Onderwys-, Opleiding- en Ontwikkelingspraktyk, ontvang.

Hiervan is R1 317 500 aan NWU-studente en R278 000 aan die ontwikkeling en opleiding van NWU-personeellede toegeken.

Nie minder nie as 50 onderwys-verwante beurse van R20 000 elk is vir die opleiding van Wiskunde-, Wetenskap-, Taal- en Grondslagfase-onderwysers (BEd- en BSc-programme) toegeken. Daarmee saam is 127 werkplekervaringsleer-studiebeurse ter waarde van R2 500 elk vir praktiese leersessies by skole aan BEd-studente toegeken. Laasgenoemde kan deur studente vir verblyf, kos en klere gebruik word.

Hoe personeellede daarby baat

Vyf beurse vir finansiële bestuur, vyf vir projekbestuur en drie vir inligtingstechnologie is aan personeellede toegeken. Hierdie beurse is R5 000 elk werd.

“Lynbestuurders in dié velde is gevra om personeellede te nomineer wat by hierdie vaardigheidsprogramme kan baat,” sê me Mandi Wallace, Opleidingsfasiliteerder: Organisasieer en -Ontwikkeling.

Hiermee saam is 10 vakleerlingskappe van R20 000 elk aan NWU-personeellede op die drie kampusse en in die Institusionele Kantoor toegeken. Hierdie eenhede het ook personeellede vir dié beurse genomineer. Die NWU het die beurse en vakleerlingskappe ontvang nadat me Wallace verskeie vergaderings van die EDTP-SETA bygewoon het, waar opleidingsverskaffers aanbiedings gehou het om hul dienste bekend te stel.



Belanghebbendes van die SETA het die NWU onlangs besoek. Teenwoordig by die geleentheid is van links mnr Moses Thukgwi, 'n student van die Potchefstroomkampus, me Mandi Wallace, Organisasieer en -Ontwikkeling, mnr Peter Molebatsi, ook 'n student van die Potchefstroomkampus, me Sharlene Jacobs van die SETA vir Onderwys-, Opleiding- en Ontwikkelingspraktyk, mnr Barend Dreyer, 'n afkampusstudent, en mnr Danie Hefer, Hoof: Finansiële Steundienste, Potchefstroomkampus.

Noodkragvoorsiening op dreef

Die planne wat die Universiteit gemaak het om voorsiening te maak vir noodkrag, is steeds op dreef en die ses groot kragopwekkers wat op die Potchefstroomkampus by die Weskampus se hek geïnstalleer word, sal teen 26 September in werking wees.

Die keuse van 'n kontrolestelsel vir die aan- en afskakel van die kragopwekkers ten tye van beplande kragonderbrekings, is ook gemaak. Die Universiteit het op die Deep Sea-model besluit, wat heelwat goedkoper is as die Dawson-stelsel wat aanvanklik ook oorweeg is.

“Die Deep Sea-stelsel is baie meer bekend en beproef in Suid-Afrika as die Dawson-stelsel en word deur die verskaffers, Barloworld, onderskryf, wat

die onderhoud daarvan makliker maak,” sê prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite.

“Hoewel die Deep Sea-stelsel nie soos die Dawson-stelsel tegelykertyd krag kan trek van die munisipaliteit én van die kragopwekkers nie, sou dit ons in elk geval nie veel gebaat het nie, aangesien die munisipaliteit dit nie in hierdie stadium toelaat nie,” verduidelik prof Rost.

Wanneer daar beplande kragonderbrekings is, kan die Deep Sea-stelsel die oorsakeling tussen munisipale krag en kragvoorsiening deur kragopwekkers sonder 'n kort onderbreking bewerkstellig, wat gerief vir gebruikers versker. In die geval van onbeplande kragonderbrekings kan geen kontrolestelsel sulke naatlose oorsakeling bewerkstellig nie en moet kragopwekkers in sulke gevalle per hand aan- of afgeskakel word.

vir 2009 verloop tot dusver glad

dienste” – dus die direkte salarisse, bedryfskoste en kapitaalkoste van die IK-personeel – uit). (2008: R100,2m.)

- **Mafikengkampus:** Alhoewel die Mafikengkampus se begrote inkomste met slegs 1,8% gestyg het, kon hulle daarin slaag om naastenby met 'n gelykbreek-kontantvloeiëbegroting vir 2009 af te sluit.
- **Potchefstroomkampus:** Die begrote inkomste het met 16,4% gestyg, en die netto begrote kontantvloëisurplus met 13%, wat beteken dat meer fondse op die Kampus geïnvesteer word.
- **Vaaldriehoekkampus:** Die netto begrote kontantvloëisurplus styg met 60% vanaf 2008 en verteenwoordig 95% van 2007 se begrote surplussyfer, wat beteken dat hul verhoogde inkomste die Kampus in staat gestel het om onder meer die uitbreiding van een fakulteit na twee fakulteite in bykans een jaar te kon akkommodeer.
- **Spandering teen reserwes:** Die spandering teen reserwes sal d.m.v. 'n aparte proses hanteer word sodat dit belyn kan word met die NWU se beleggingstrategie. Op 31 Desember 2007 het die NWU se beperkte en

onbeperkte fondse 57% van die totale fondse aangewend behoop. Die strategie behels om in die rigting van 67% te beweeg oor 'n tydperk van 5 jaar.

- Die 2009-begrotingverhoudings vir geldstroom een vs. die verhoudings voorgestel deur die Ministerie vir geldstroom een (as % van geldstroom een se totale inkomste) wat as 'n riglyn gebruik moet word:

	Ministerie	2009 (aanbeveel)
Personeelkoste	57,5% - 63,0%	68,4%
Bedryfskoste	29,0% - 32,0%	36,5%
Finansieringskoste	2,5% - 3,0%	1,4%
Depresiasie	4,5% - 6,5%	5,7%

* Alle syfers is onderhewig aan goedkeuring deur die Finansiële Komitee en die Raad in November 2008.

Sosiale dag versterk kameraadskap tussen kampusse

Sowat 307 personeellede van die Institusionele Kantoor en die drie kampusse het deelgeneem aan die derde interkampus- sosiale dag wat op 22 Augustus 2008 op die Mafikengkampus plaasgevind het.

Personeellede het aan verskeie items, insluitende toutrek, vlugbal en 'n eier-afloswedloop deelgeneem. Ons eie valskeerm-springer, prof Johan Rens, 'n dosent aan die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus, het vir ekstra opwinding gesorg toe hy uit 'n vliegtuig gespring het wat deur dié fakulteit geborg is.

Eish! het van die deelnemers aan die sosiale dag uitgevra oor wat hulle van die geleentheid dink:

Me Alta Wernich van die Potchefstroomkampus sê dat dit kommunikasie tussen die onderskeie kampusse bevorder. "Dit gee ons ook die geleentheid om op 'n spesiale wyse te ontspan, in plaas daarvan om die hele tyd te werk."

Die sosiale dag beteken baie vir **mnr Bazooka Mkhonza** van die Mafikengkampus, veral omdat hy nuut op die kampus is. "Dit is ook die eerste keer dat ek die Visekanselier regstreeks sien optree het," sê hy.

Me Johannah Mantshonyane van die Vaaldriehoekkampus glo dat die gebeurtenis goeie verhoudings tussen die personeellede van die onderskeie kampusse bevorder. "Die verhouding tussen die kampusse het alreeds verbeter," sê sy.

Me Selina Sepeng van die Mafikengkampus stem saam: "Dit gee aan ons die geleentheid om met ons kollegas van die ander kampusse te meng."

Me Susan van Rooyen van die Mafikengkampus sê dat die sosiale dag 'n ongelooflike geleentheid is. "Dit wys dat die samesmelting 'n werklikheid is," sê sy.

Mnr Andries Tsimane van die Potchefstroomkampus glo dat die sosiale dag stres verlig. "Ek waardeer werklik wat Werknemerswelstand vir die werkers doen."

Die volgende sosiale dag sal in Maart 2009 gehou word.



Valskeerm-springer, prof Johan Rens van die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus, het vir bykomende opwinding op gesorg. Van links na regs is me Ina van der Watt, Fasiliteerder: NWU-Werknemerswelstand, prof Johan Rens, dr Theuns Eloff, Visekanselier, prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus, prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus, en prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoekkampus.



Personeellede van die drie kampusse en die Institusionele Kantoor geniet die sosiale dag.



Me Mpho Modupe van die Institusionele Kantoor neem aan die eier-afloswedloop deel.



Me Selina Sepeng, Mafikengkampus.



Me Alta Wernich, Potchefstroomkampus.



Mnr Bazooka Mkhonza, Mafikengkampus.



Me Johannah Mantshonyane, Vaaldriehoekkampus



Me Susan van Rooyen, Mafikengkampus.



Mnr Andries Tsimane, Potchefstroomkampus.

Besoek gerus die NWU se intranet vir nóg foto's van die sosiale dag.